

Head Office

Tel: +27 12 346 3985 | Fax: +27 12 346 3986
Email: info@cbe.org.za | Web: www.cbe.org.za

Postal Address

P.O. Box 915. Groenkloof. 0027

Physical Address

169 Corobay Avenue
Corobay Corner Block A
2nd floor
Waterkloof Glen
PRETORIA
0010



RAAD VIR DIE BOU-OMGEWING: TAALBELEID

Die Raad vir die Bou-omgewing (CBE) vaardig hiermee sy amptelike Taalbeleid uit.

1. AANHEF

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, erken 11 amptelike tale; erken die histories ingekorte gebruik en status van die inheemse tale; en vereis van die Staat om praktiese en daadwerklike maatreëls te tref om die status van die tale te verhoog en hul gebruik te bevorder. Die Grondwet vereis voorts dat alle amptelike tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word.

Die "Use of Official Languages Act, 2012" (Wet No. 12 van 2012) (wet op gebruik van amptelike tale), is uitgevaardig om onder andere voorsiening te maak vir die regulering en monitering van die gebruik van amptelike tale deur die nasionale regering vir regeringsdoeleindes; om te vereis dat 'n nasionale departement, nasionale openbare entiteit en nasionale openbare onderneming 'n taalbeleid aanvaar; en om voorsiening te maak vir die stigting van 'n taaleenheid deur 'n nasionale departement, 'n nasionale openbare entiteit en 'n nasionale openbare onderneming.

Die CBE, wat ingevolge artikel 2 van die Wet op die Raad vir die Bou-omgewing, 2000 (Wet No. 43 van 2000), ingestel is, het dus ter nakoming van die "Use of Official Languages Act, 2012", sy Taalbeleid opgestel.

2. OOGMERK

Die oogmerk van die Taalbeleid is om uiteen te sit hoe die CBE die bepalinge van die "Use of Official Languages Act, 2012", sal nakom en uitvoer, en hoe die CBE sy gekose amptelike tale sal gebruik om sy mandaat en dienste aan belanghebbendes en Suid-Afrikaanse burgers te kommunikeer.

3. BESTEK EN TOEPASSING

Die bepalings van hierdie beleid is van toepassing op alle CBE-werknemers en op belanghebbendes en die publiek met wie die CBE skakel.

4. AARD VAN CBE WAT AMPTELIKE TAALBELEID BEPAAL

Die CBE is 'n statutêre liggaam wat ingevolge die Wet op die Raad vir die Bou-omgewing, 2000, ingestel is. Dit is 'n oorkoepelende liggaam wat die ses rade vir die bou-omgewingprofessies (die argitektuur-, ingenieurswese-, landskapsargitektuur-, projek- en konstruksiebestuurs-, eiendomswaardeerders- en die bourekenaarsprofessie) koördineer met die doel om goeie gedrag in dié professies in te skerp, die professies te transformeer en die Suid-Afrikaanse regering oor bou-omgewingskwessies van raad te dien.

Die CBE is tans in Pretoria, Gauteng, gesetel en moet nog in ander provinsies kantore open. Verskeie kommunikasiekanale word gebruik om belanghebbendes te onderrig in die dienste wat die CBE bied.

5. CBE-BELEID OOR AMPTELIKE TALE

Die CBE verbind hom tot die gebruik van al 11 amptelike tale, soos uiteengesit in die "Use of Official Languages Act, 2012", waar uitvoerbaar, en soos versoek deur die publiek.

5.1 Amptelike tale

Die CBE aanvaar, vir die doeleindes van hierdie beleid, die 11 amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika as sy amptelike tale.

Die CBE sal die volgende taalgebruikmaatreëls tref:

- (a) Engels is die interne en eksterne bedryfstaal van die CBE.
- (b) Die volgende tale sal oorweeg word wanneer die CBE om regeringsdoeleindes met belanghebbendes en die publiek moet skakel:
 - (i) IsiNdebele, isiXhosa, isiZulu en Siswati (die Nguni-groep);
 - (ii) Sepedi, Sesotho, Setswana (die Sotho-groep);
 - (iii) Tshivenda;
 - (iv) Xitsonga;
 - (v) English; en
 - (vi) Afrikaans.

5.2 Faktore wat oorweeg word by die doen van 'n keuse van amptelike taal

- (a) Die belanghebbendes se voorkeurtaal;
- (b) Die doenlikheid van die taal tydens die skakeling met belanghebbendes; en
- (c) Die belangrikste omgangstaal tydens die skakeling met belanghebbendes.



5.3 Ander amptelike tale

Die CBE bevorder meertaligheid. Belanghebbendes wat skriftelike of gepubliseerde inligting nodig in 'n amptelike taal waarin die kommunikasie of inligting nie verskaf word nie, kan versoek dat sodanige kommunikasie of inligting in daardie amptelike taal verskaf word. So 'n versoek moet gerig word in die taal wat versoek word, en moet deur die CBE ontvang word minstens 60 (sestig) dae voor die datum waarop die kommunikasie of inligting nodig word.

6. TOEGANG

Die CBE sal, ooreenkomstig die "Use of Official Languages Act, 2012", daarvoor voorsiening maak dat elke Suid-Afrikaanse burger in sy of haar amptelike taal bedien word. Hoewel Engels die amptelike taal van die CBE is ten opsigte van al sy sakekommunikasie, sal versoeke om kommunikasie in enige ander amptelike Suid-Afrikaanse taal geakkommodeer word.

6.1 Die taal wat vir alle amptelike skriftelike CBE-kommunikasie, ook formele dokumente, verslae, beleide en materiaal, gebruik word, is Engels. Versoeke om inligting in enige ander amptelike taal sal geakkommodeer word ooreenkomstig die prosedure wat in 5.3 in hierdie beleid uiteengesit word.

6.2 Die CBE sal in sy mondelinge kommunikasie met belanghebbendes en die gewone publiek alles aanwend om die taalvoorkeur/e van die gespreksgenoot te akkommodeer.

6.3 Die CBE-webtuiste is tans slegs in Engels beskikbaar. Versoeke om webtuiste-inligting in enige ander amptelike taal sal geakkommodeer word ooreenkomstig die prosedure wat in 5.3 in hierdie beleid uiteengesit word.

6.4 Gestremde persone en persone met spesiale behoeftes sal soos volg geakkommodeer word:

- (a) 'n Lid van die publiek wat inligting in braille nodig, kan so 'n versoek skriftelik of telefonies rig, en sodanige inligting sal beskikbaar gestel word. So 'n versoek moet gerig word en moet deur die CBE ontvang word minstens 60 (sestig) dae voor die datum waarop die kommunikasie of inligting nodig word.
- (b) 'n Lid van die publiek wat in Suid-Afrikaanse gebaretaal met die CBE wil kommunikeer, moet die Kommunikasie-eenheid minstens 60 (sestig) dae voordat die diens nodig word, skriftelik daarvan in kennis stel om die kantoor in staat te stel om sy reëlins dienooreenkomstig te tref.

7. KLAGTEMEGANISME

Enigiemand wat ontevrede is met die gebruik van amptelike tale deur die CBE kan, soos bepaal by artikel 4(f) van die "Use of Official Languages Act, 2012", 'n klag indien wat aan die CBE gerig is.



7.1 Klagte moet soos volg ingedien word:

- (a) 'n Klag moet skriftelik, en binne drie maande na die ontstaan daarvan, ingedien word.
- (b) 'n Klag wat ingedien word, moet die volgende besonderhede bevat: Naam en van, asook die fisiese en posadres en die kontakinligting van die klaer.
- (c) Die klaer moet die klag in besonderhede beskryf.
- (d) Die CBE moet die klag oorweeg en, nie later nie as drie maande na die indiening van die klag, skriftelik daarop antwoord en die klaer van die uitkoms in kennis stel.

8. TAALEENHEID

Die CBE se Kommunikasie-eenheid dien as, en aanvaar die verantwoordelike van, die Taaleenheid.

8.1 Die Kommunikasie-eenheid word met die volgende verantwoordelikhede van die Taaleenheid belas:

- (a) Adviseer die verantwoordelike rekenpligtige gesag van die CBE aangaande die opstel, aanvaarding en uitvoering van die Taalbeleid;
- (b) Moniteer en beraam die gebruik van die amptelike tale deur die CBE;
- (c) Moniteer en beraam nakoming van die CBE se Taalbeleid;
- (d) Stel verslae op wat ingevolge artikel 9(2) van die "Use of Official Languages Act, 2012", aan die Minister en aan PanSAT voorgelê moet word;
- (e) Bevorder die gelykheid van aansien en die billike behandeling van alle amptelike tale deur die CBE;
- (f) Bevorder die gelyke toegang van die publiek tot die dienste en inligting van die CBE; en
- (g) Bevorder goeie taalbestuur deur die CBE.

9. HERSIENING VAN BELEID

Die CBE hersien die beleid jaarliks of na behoefte.

